OPENBARING 2:1-4 NGK MIEDERPARK 21/3/10
TEMA: MY EERSTE LIEFDE! Ds Okkie Cilliers

Christene raak lewensmoeg, ook in die pad wat hulle met die Here loop. *Daarom dat kinders van die Here hulself oor en oor aan die Here moet toewy*!
Dis ‘n stelling wat ons oor en oor hoor, maar die impak hiervan gaan by ons verby. Ons wil eerder praat oor/hoor van verhoudings, aanbidding en ander belangrike dinge.” Jy kan nie oor die ander “belangrike sake praat as jy nie aan die Here toegewy is nie. Dis wat Johannes ook aan hierdie gemeente in sy brief skryf: julle het baie ander wonderlike dinge wat julle doen, maar julle het julle toewyding en julle eerste liefde verloor; julle is besig met baie dinge, maar nie met die hart van God nie. Dit loop net op die dood uit, al is dit hoe goed bedoel.

Dis so asof ons op die kantlyn van die lewe staan en weet dat die Here daar is, maar ons weet dat ons iewers iets mis en dat daardie meeste weet daar werklik ‘n dieper en voller lewe bestaan as dit waarmee ons tans besig is. Want ons het vandag “aktiviste” geword – ons is verskriklik aktief en besig: ons is lief vir die Here Jesus (maar ons bly nie naby genoeg aan Hom nie), ons praat ernstig oor vergifnis (maar beleef dit nie en bitterheid vreet ons op), ons bid en sê dan: “Ek moet aangaan met my lewe, met die werklike lewe…” Ons lees die Bybel (sonder dat dinge regtig verander)…
En so mis ons die werklike lewe!

Die **redes** vir ‘n lewe wat goed begin maar langs die pad uitsak, is baie. Die **gevolge** daarvan is egter katastrofies. Die Bybel vertel die tragiese verhaal van ‘n man wat uitstekend begin het, toe uitgesak het en dit het ‘n tragedie geword: **SALOMO:**
Salomo (sy naam beteken “vrede”) het uitstekend begin. In 1 Kon 3:5-14 lees ons dat hy koning geword het met die seën van die Here. Die Here stuur hierdie man met die mooiste beloftes die wêreld binne en gou-gou wen hy die harte van sy mense. Hy is gewild, ‘n uitstekende leier en ‘n man met ‘n visie. Hy is die een wat die tempel bou waarna almal al vir soveel eeue lank uitsien. Hy is bekend vir sy wysheid en van heinde en verre het mense na hom gestroom om na hom te luister. Behalwe dat hy self ‘n baie ryk man was, het hy die mense oor wie hy regeer het ook skatryk gemaak (10:14-29). Polities was hy ‘n uitgeslape kalant en hy het die fondamente wat sy pa gelê het uitgebou en gekonsolideer. Onder hom het Israel sy politieke en ekonomiese hoogtepunte bereik. Salomo het o.a. ‘n fyn uitgewerkte belasting stelsel gehad en hy het al die karavaanroetes van die tyd beheer: wie ingevoer en uitgevoer het of daarlangs beweeg het moes belasting betaal (10:15). Hy het skatryk geword!

Maar Salomo het te hoog gevlieg en kon nie by alles uitkom nie. Sy voete van klei het met die tyd al meer begin wys. ‘n Paar voorbeelde:
Koning Hiram van Tirus doen die meeste van die bouwerke aan die tempel (1 Kon 6), die ongelooflike paleise waarin Salomo gewoon het (een in Jerusalem en die een in die Libanonsbos) en ook ander miltêre vestingstede. Salomo het groot gedroom maar hy kon Hiram nie meer betaal nie. Hy doen toe die ongelooflike ding om van Israel se stede en inwonders aan Hiram te gee as betaling (9:10-13). Dit het beteken dat hy sy eie mense aan Hiram as slawe gegee het en direk teen die bevele van die Here ingegaan het deur van Israel se grond weg te gee.
Hy maak van sy eie mense sy eie persoonlike slawe. Hy het ‘n stelsel van dwangarbeid ingevoer en sy mense gedwing om een maand van elke jaar gedwonge en sonder betaling vir hom te werk (5:13 en 6:4). Hy het selfs ‘n minister (Adoniram)

in sy kabinet gehad wat dit bestuur het. Ook dit was direk teen die Here se bevele want geen Jood mag die slaaf van ‘n ander Jood wees nie.
Dit het van Salomo ‘n gehate man gemaak. Die uitstekende begin wat hy gehad het is gou vergeet en die Jode wou later niks meer met hom te doen gehad het nie (12:4vv, veral vers 16). Dis duidelik dat sy dood hulle ook koud gelaat het want die begrafnis was nie die prag en praal van Dawid nie. Uit 11:41-42 is dit duidelik dat hulle verlig was toe hy sterf.

Daar was ‘n rede vir hierdie agteruitgang van Salomo: **1 Kon 11:1-10**
Vrouens was die oorsaak dat hy sy eerste liefde verloor het. Sy hart was nie meer by die Here nie en hy het direk teen die Here ingegaan en sy eie dinge gedoen (vers 2). Let mooi op wat het Salomo gedoen:
Hy was “lief” vir hulle (verse 1,2). Salomo het ‘n myl buite die Here se wil beweeg met die klomp vrouens! Maar hy kon daarmee wegkom want hy was die koning en in ‘n sekere sin onaantasbaar: as die gewone man op straat hierdie dinge met vrouens gedoen het, het hy dikwels met sy lewe vir hierdie sonde betaal (Deut 22). Salomo was koning en kon maak wat hy wil en hoef dit aan niemand te verduidelik nie
Daar is wel ook ‘n ander rede waarom daar so baie vrouens was. Hy was ‘n man wat mag gehad het en die gebruik was dat ‘n ander koning hom een van sy dogters gegee het as vrou sodat daar vrede tussen die twee kon wees. Dit was ‘n politieke skuif sodat die 2 konings families kon wees. Dit was ‘n teken van wedersydse respek en vertroue.
Maar die klomp het hom ‘n fortuin gekos om aan die lewe te hou. Want elkeen het ‘n eie blyplek gehad en sommige van hulle selfs paleise. Daar het dit ook nie gebly nie: elkeen wat ‘n ander god aanbid het, het haar eie tempel daarvoor gekry (11:8). Die tempels en paleise het personeel gehad om alles in stand te hou en Salomo moes daarvoor betaal. Sy vrouens het hom uitgeroei!!
Maar dis baie meer as net ‘n finansiële probleem. Hierdie vrouens is die simbool van ander dinge: SONDE. Want toe hy jonk was, was hy nie blootgestel aan die dinge nie. Hoe ouer hy geword het, hoe meer absurd het dinge geraak (11:4) Dis duidelik dat hy sy eerste Liefde verlaat het en toe met ander godsdienste begin eksperimenteer het. Kyk net wie is die gedoentes met wie hy deurmekaar geraak het (11:5,7): *Astarte* was deel van die Baalkultus en daar het die verskriklikste dinge uitgebroei; *Milkom en Molek* was dieselfde god en dikwels is kinders vir die gode geoffer. Vir *Kemos* is selfs langs die tempel ‘n altaar gebou – hy het dieselfde status as die Here.
Die nasies waarmee hy deurmekaar geraak het was die mense waarvan die Here gesê het hulle moet van wegbly. Nie omdat hulle ander nasies is nie maar omdat dit wat hulle aanbid so aanloklik lyk en ‘n liederlike gemors is! Salomo het te groot in sy eie oë geword – daarom dat hy op die vyande van die Here se voorstoep gaan speel het! Geen wonder die Here vat alles wat Hy hom gegee het van hom weg nie (11:11vv).
Sy val was verskriklik: hy laat hom verlei (11:3). Dis tragies - eers het hy ‘n keuse gemaak vir die Here – toe maak hy ‘n KEUSE om daaruit te stap.
Salomo het vergeet wat beteken dit om die lewende God lief te hê en eerste te stel..

Dis ongemaklik om na Salomo se storie te luister. ‘n Paar dinge moet gesê word:
<u>*Hoe gaan dit met jou eerste liefde?*</u> Is jou hart nog brandend vir die Here en leef jy met die lewende God as middelpunt van jou bestaan? Of het jy weggespring met ‘n entoesiastiese spoed en toe kom jy agter dat jou rekening leeg is en dat jy nie meer kan betaal nie? Nou moet jy maak soos Salomo en jy moet die dinge wat vir jou kosbaar is weggee om die prys daarvoor te betaal? Enkele (uit baie !) voorbeelde:

Ek sien die trane van ‘n jong vrou en haar kinders toe pa hulle dagvaar vir ‘n egskeiding. Hy het by ‘n ander vrou ingetrek en nou moet hy verkoop wat kosbaar is - sy gesin. In die proses verkoop hy sy eie lewe uit aan die afgode van die lewe.
‘n Jong seun vertel hoe hulle drank kry en wat gebeur as hulle daardie drank gebruik het. Wat my geruk het is dat hulle kerkmense is en daarop gaan aanspraak maak dat hulle Christene is. Hulle is besig om op die heuwel langs die kerk ook ‘n altaar vir die Astartes op te rig en met die tyd gaan hulle ook alles verloor!!.
Die lysie voorbeelde kan langer gemaak word: geld waarmee ons die Here beroof, dinge wat ons sê, dink doen…

Maar wat is die oorsake dat mense hul eerste liefde verloor? Sommige dink dis maar net ‘n fase waardeur jy gaan as jy jonk is en ouer word. Dalk het jy goed weggespring en agtergekom dat dit wat die Here van jou vra baie meer is as net ‘n paar mooi geboue wat in die lewe opgerig word. En toe die prys te groot word het jy maar uitgesak. Of miskien het jy net eenvoudig vir die sonde geval en het die verleiding van baie geld en ander plesiere vir jou te groot geword… Dalk het daar niks in jou lewe gebeur nie en het jy jou entoesiasme verloor en weet jy dat jy besig is uit te mis op die dinge wat ander mense gelowiges beleef. **Wat ookal die oorsaak is, is nie regtig belangrik nie. Want God laat nie met Hom speel nie (Gal 6:7). Wat saak maak is jy moet terugkeer na God toe en Hom weer jou hart se punt maak**.

Want die Here maak ‘n mens onrustig en wil die saak met ons regmaak. Ons **kan** in ‘n heerlike oorgawe met die Here leef omdat dit nie net ‘n droom en ideaal is nie. Ek self is moeg vir die middelmatigheid in myself en ek sien dat ander net so keelvol is vir die krummels waarmee hulle in die geloof leef. (Diegene wat dink dat alles reg is by hulself kan nou maar afskakel en verder rus – vir hulle is daar niks om te sê nie. Maar diegene wat in die Vaderhart van God wil leef moet verder met gespanne aandag luister.) Kom ons maak dinge reg, kom ons gryp ons eerste Liefde weer vas en leef in die vrolikheid en krag van die Here hierdie ding wat ons noem LEWE!! Maar dan moet ons by die begin begin:

1. Daar is sondes wat gebreek moet word. Sonde en die heilige teenwoordigheid van God loop nie saam nie – dis of die een of die ander! As jy honger en dors na ‘n heilige lewe, gebeur ‘n merkwaardige ding: sonde word bekyk vanuit die teenwoordigheid van die Here en dan verdwyn dit vanself. Maar omdat ons die teenwoordigheid van die Here nie verstaan nie kan ons nie met die sonde breek nie. Mense dink hulle is net somtyds in die teenwoordigheid van die Here (veral Sondae in die kerk!) en dat hulle self die stryd teen die sonde moet baklei. Dis nie waar nie: God is permanent IN my (Gal 2:20) en daardie teenwoordigheid gee my sy Goddelike krag om allles reg te maak (1 Joh 5:4).

- Gaan staan in die teenwoordigheid van die Here en bely jou sondes – alles wat te doen het met die vrouens, geld, afgode van die lewe. Aanvaar dat die Here jou verlos van alles en breek dan met daardie dinge.

Prys die Here vir sy genade! Want sonde hou jou weg van die teenwoordigheid van die Here – die teenwoordigheid van die Here hou jou weg van die sonde.

2. Want ‘n kind van die Here is nie net in die teenwoordigheid van die Here nie – die Here is **IN** hom teenwoordig (Gal 2:20). Hiermee word nie bedoel die alomteenwoordigheid van die Here nie, maar die feit dat ek willens en wetens HOM DIE KONING VAN MY LEWE GEMAAK HET. Dis ‘n wilsbesluit, dis ‘n

aanhoudende proses en nie net iets wat maar net een maal gebeur het nie. Dis ‘n LEWENDE verhouding met die lewende God.
Ja, dis baie meer as om net elke dag ‘n stukkie uit die Bybel te lees en te bid. Hier word bedoel God wat alles opeis en **DIT OOK KRY.** Dis om oor Hom te praat, met Hom te praat, om Hom lief te hê, om ‘n lewe van aanbidding te leef…

3.Om saam met die eerste Liefde te leef, vra ‘n totale paradigmaskuif. Want dan moet ons werk met die werklike werklikheid van God en nie met die dinge wat ons sien as die werklikheid nie. Dis die fout wat Salomo gemaak het: hy het gedink sy paleise, tempel, geld, wysheid, mag en status is die werklikheid. Dit is nie. GOD IN ONS IS DIE WERKLIKHEID. Ons moet leer om te lewe vanuit die binnekant van die lewe waar God is na die buitekant waar die lewe is , en nie andersom nie. Wie daarmee leef, kan nie op die ou paaie voortgaan nie want alles word revolusionêr verander.

- Die meeste Christene sê dat hulle weet dat God in hulle leef. Maar geleerdes sê dat ons nie regtig iets ken/daarvan geleer het alvorens dit ons optrede verander het nie.
- Is die liefde van die Vader en die genade van die Seun en die krag van die HG so in jou dat jy verander het – regtig verander het? As jy dit sê maar dit nie doen nie, is jy‘n arm mens wat nog nie ontdek het wat dit beteken om in die Here te leef nie!! Jy doen jou eie ding en jy gaan in die arms van Salomo se gode en vrouens hardloop – as jy nie reeds daar is nie.

4. Dit beteken jy moet jouself kruisig en doodmaak! Want die EK bestaan uit ‘n komitee: daar is die ordentlike ek in die openbaar; daar is die moeë ek by die huis; daar is die entoesiastiese ek by die werk, die finansiële ek, die godsdienstige ek…Maar die Here roep al die “EKKE” na HOM toe en daar beleef ek eers integrasie en eenheid waar al die verskillende EKKE in die krag van die Here kan leef. **Ek gaan dood en ‘n nuwe EK staan saam met Jesus op.** Daarom moet ons anders dink oor ons geloof. Want “die eerste liefde” is nie nog ‘n lysie goed wat langer word, wat gedoen moet word nie en waarby ons betrokke moet raak nie, maar die Gees van die Here wat beheer oorneem en ek wat gewillig saamleef.
Prys die Here daarvoor! Want as jy van buitekant na die binnekant toe leef, wat word dan van jou binnekant? Dit bly leeg en jy knak onder die stres, jy is soos ‘n bokser wat net sit en wag vir die volgende hou (die uitklophou?). Jy leef van een situasie na die volgende… en dit raak te veel. Wat ‘n skande – dis soos ‘n ateïs leef!!

- Nee, ek is ‘n tempel en ek het ‘n HELE KERK binne in my want die lewende God het daar kom woon. Nou leef ek van die binnekant na die buitekant toe! Hy is my eerste Liefde!

Ps 73:28 en 16:11 bevestig dit! Dis nie ‘n eenmalige gebeurtenis nie maar ‘n “moment-by-moment commitment”. Dit verander jou van ‘n mal mens wat baie dinge in die kop het na een wat net leef vir een saak: God binne in my!
Dit is in hierdie oomblik-na-oomblik, tree-vir-tree-ondervinding dat die krag van God ervaar word. God werk nie met vooruitgedateerde tjeks want in die bakhuis van God se liefde is daar net daaglikse brood. Die genade/brood van God is genoeg vir die eise en dinge van elke dag: Hy is my eerste liefde!

God bly getrou! Mag jy dit so beleef.
Amen.